

'n Inleiding tot krypto-geldeenhede

Uitgawe 96: November 2021

Die meeste van ons het seker al van die "blockchain" gehoor, 'n tegnologie-oplossing wat krypto-geldeenhede ondersteun. Dit het die potensiaal om die manier waarop ons leef en sake doen in die toekoms, heeltemal te verander. Die onderwerp kan intimiderend raak. Hier is 'n inleiding...

Wat is krypto-geldeenhede?

'n Krypto-geldeenheid kan gedefinieer word as 'n digitale geldeenheid waarin transaksies beheer en gekontroleer word sodat rekords (in die vorm van 'n reuse grootboek) in stand gehou word deur 'n gedentraliseerde stelsel m.b.v. "kriptografie", eerder as 'n gesentraliseerde owerheid soos 'n Reserwebank.

Krypto-geldeenhede (meestal privaat) word nie deur enige regering of sentrale bank soos SARB (Suid-Afrikaanse Reserwe Bank) beheer nie. Regerings kan hierdie geldeenhede, of verwante aktiwiteite, verbied; dit is egter moeilik om so 'n verbod af te dwing. In werklikheid is krypto-geldeenhede digitale koophouding gebaseer op 'n algoritme of formule wat bepaal hoe eienaarskap oorgedra of afgelos kan word, hoeveel daarvan in omloop mag wees en hoe dit in verskeie besigheidstransaksies gebruik kan word. Die proses om die geldigheid van veranderinge in eienaarskap (of meer akkuraat die beweging tussen digitale beursies) te bevestig, word ontginning of "mining" genoem. Digitale myners het geweldige rekenaarwerk en elektrisiteit nodig terwyl hulle meeding om die volgende blok transaksies in die grootboek te mag skryf.

Private digitale geldeenhede het 'n bietjie meer as tien jaar gelede begin – waarvan *Bitcoin* nou die bekendste is. Ons kan aanvaar dat krypto-geldeenhede in een of ander vorm heel waarskynlik vir 'n lang tyd met ons sal wees. Regerings het begin om hul eie krypto-geldeenhede uit te reik. Byvoorbeeld, China het effektief private krypto-geldeenhede verbied en hul eie weergawe van 'n digitale geldeenheid uitgereik, wat gelykstaande is aan hul papiergeld, die *Renminbi*.

Hoe belê ons daarin?

Beleggers wat blootstelling aan 'n spesifieke tradisionele geldeenheid wil kry (d.w.s. nie die aandelemark van die geassosieerde geldeenheid nie) belê tipies in die skuldbriewe of effekte van die geassosieerde regering. Om blootstelling aan krypto-geldeenheid te kry, kan 'n belegger:

- Die krypto-geldeenheid koop en dit op die beurs los waar dit gekoop word. As alternatief kan dit na 'n sogenaamde "koue beursie" gestuur word (digitale kode word op 'n spesiale geheue-stokkie gestoor);
- Of, die belegger belê in 'n fonds wat direk in kryptobates belê (dit is gewoonlik duurder). Beleggers kan ook kontrakte koop wat met kryptobates geassosieer word. Hierdie is slegs in die VSA beskikbaar en is duur.

Wat is dit werd?

Die kenmerke van 'n krypto-geldeenheid ooreenstem met tradisionele geld soos ons dit ken, ook bekend as 'n "fiat"-geldeenheid, m.a.w. papiergeld wat 'n sentrale bank uitreik. Die term "fiat" is 'n Latynse woord wat dikwels vertaal word as "dit sal wees" of "laat dit geskied." **Dus, fiat-geldeenhede het slegs waarde as gevolg van 'n regering se waarborg, of ondersteuning.** Digitale geldeenhede het kenmerke wat dit byna onmoontlik maak om tradisionele finansiële of ekonomiese modelle te gebruik om die waarde daarvan te bereken.

Sommige sê krypto-geldeenheid het geen opbrengs of inkomste nie en kan dus nie gewaardeer word nie (terloops, edelmetale soos goud het ook geen opbrengs nie). Terwyl krypto geen rente of 'n dividend verdien nie, kan hierdie geldeenhede 'n opbrengs lewer waar lenings vir kliënte met

die risiko-aptitj gefasiliteer word. Dit is hoogs spekulatief. Die beleggers wat op die oomblik uitleen, spekulêr.

Ander beweer dat dit geen waarde het nie, want dit kom nie met soewereine waarborge of 'n regering om die waarde daarvan te "beskerm" nie. Hierdie argument is ongeldig vir die burgers van bv. Zimbabwe, Venezuela, Nigerië ensovoorts. Sommige regerings het totaal misluk met die idee dat 'n sentrale bank rentmeesters van mense se geld sou wees. In daardie lande word krypto-geldeenhede nie net as 'n ruilmiddel gebruik nie, maar ook 'n kluis om waarde te stoor. Dit is minder pynlik waar wanbestuur 'n lewenswyse geword het. As gevolg van 'n tekort aan 'n "harde" geldeenheid in hierdie lande (soos 'n Amerikaanse Dollar), handhaaf die plaaslike banke dikwels kunsmatige wisselkoerse wat geen ooreenkoms met die werklikheid het nie – ten koste van hul kliënte. Burgers van hierdie lande (ongelukkig dalk 'n groot deel van die wêreldbevolking) word besonder goed gehelp deur hierdie nuwe tegnologie. El Salvador het onlangs die eerste soewereine regering geword wat *Bitcoin* as wettige betaalmiddel aanvaar het. Dit beteken dat indien iemand 'n transaksie met *Bitcoin* wil verrig, die teenparty 'n wetlike verpligting het om dit te aanvaar.

Bitcoin en ander...

Daar is reeds meer as 4 000 krypto-geldeenhede of "tokens" soos dit ook bekend staan. Die aantal groei teen 'n verbysterende tempo. Na ons beskeie mening sal die meeste hiervan uiteindelik waarskynlik waardeloos wees. Die totale waarde uitgedruk as 'n markkapitalisasie staan op ongeveer \$2,8 triljoen (meer as tweeduisend miljard). Dit is die totale aantal eenhede van elke geldeenheid vermenigvuldig met sy USD-prys. *Bitcoin* verteenwoordig verreweg die grootste deel, gevolg deur *Ethereum*.



Ons gevolgtrekking

Sommige mag hierdie verskynsel bloot as 'n ander weergawe van die [Tulip-manie](#) beskou. Sentrale banke het beleggers reeds gewaarsku dat hulle dalk al hul krypto-beleggings mag verloor. Die uitvoerende hoof van een van die grootste finansiële instellings in die VSA noem dit 'n valse weergawe van goud. Van die beste talent in die wetenskap en finansies wy egter 'n aansienlike hoeveelheid van hul tyd en kapitaal aan projekte in hierdie area. Ook verskeie hoëprofielbeleggers verwag dat dit die manier waarop besighede transaksies doen, kan verander.

Die werklikheid sal waarskynlik iewers tussen die doemprefete se voorspellings en verbysterende opbrengste wees. Intussen moet ons kalm bly en ons huiswerk doen.